UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
7 - NOV 1962
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY
MUNICIPALITY

I.M.S.
Vol. 1 No. 35

MUNISIPALITEIT

STELLENBOSCH

Kantoor van die Burgemeester,
STELLENBOSCH.
21 September 1962.

DIE RUBRIEK

Solank as die Burgemeester oorsee is, sal dit my voorreg wees om in sy plek op te tree — trouens so bepaal die Munisipale Ordonnansie dit.

Van ons Burgemeester het ons sedert sy vertrek nog geen tyding ontvang nie. Maar geen nuus is gewoonlik goeie nuus, en ons vertrou dat hy sy bestemming veilig bereik het.

ONS BEPLANNINGSKEMAS

Stellenbosch belewe in meer as een opsig 'n interessante en tewens belangrike tyd. Soos tevore reeds berig is, is groepsgebiede vir ons dorp verklaar en die Stadsraad is besig om die implikasies daarvan te bestudeer en planne i.v.m. behuising vir die Kleurlingbevolking te finaliseer. Daar is ook sekere aspekte van die groepsgebiede wat die Stadsraad graag met die Groepsgebiederaad wil bespreek en 'n onderhoud is reeds aangevra.

Daar is ook 'n hele aantal beplanningskemas waaraan gewerk word, die toepassing waarvan veranderings aan die Stellenbosch wat ons ken en sy omgewing sal bring. By Vlottenburg is daar reeds begin met die bou van 'n brug oor die spoorweg daar, terwyl ons onderhandelings met die spoorwegowerheid i.v.m. die brug wat die gevaarlike Du Toitstasie-oorgang sal vervang nog aan die gang is. Saam hiermee gaan ook die herbeplanning van die Klapmutspad en die verlenging van Adam Tasstraat om by Birdstraat aan te sluit. Die hele Du Toitville-gebied kom hiermee in gedrang en die Stadsraad is van plan om 'n terrein daar aan te wys waar ligte nywerhede hulle in die toekoms sal kan vestig. Die hele voorkoms van die gebied sal hopelik verbeter word.

'n Saak waaraan die Stadsraad tans ook aandag gee, is die kwessie van paaie aan die suidekant van die Eersterivier. Die Universiteit is besig met 'n grootskaalse ontwikkeling van sportgronde in daardie gebied en daarmee gaan gepaard sulke vraagstukke soos verkeersweë in en om die sportgebied, sowel as paaie om genoemde terrein met die dorp te verbind. Hieraan word nou gewerk.

PLANT VAN BOME

Die boomplanttyd is nou verby en ons Bosboudepartement het 231,000 bome vanjaar geplant. Ons het alle rede om baie tevrede te wees met die prestasie.

ERWE BY LA COLLINE

Die Stadsraad het gehoop dat die voorbereidende werk i.v.m. die nuwe dorpsgebied in Uniepark teen hierdie tyd reeds afgehandel sou wees.

Die Provinsiale Administrasie het egter 'n paar voorstelle i.v.m. die uitlegplan gemaak en tans gee die landmeter aandag daaraan. Dit behoort egter 'n geringe vertraging te veroorsaak.

Intussen het die Stadsraad goedkeuring gekry om ses erwe by La Colline aan die publiek aan te bied en 'n kennisgewing i.v.m. die veiling van die erwe sal eersdaags verskyn.

28th September, 1962.

101 YEARS OLD

Last year the Council was happy to join all those who were privileged to congratulate Mrs. M. H. Roux of Bordeaux at Vlottenburg on the occasion of her hundredth birthday which she could celebrate in good health.

On Saturday, the 29th September, 1962, Mrs. Roux will become 101 years old. I am glad to learn that her health has not failed her and on behalf of the community of Stellenbosch, particularly on behalf of the Council, I extend my hearty congratulations to her and the members of her family. This is indeed a memorable occasion which, as did the birthday last year, ranks amongst the most important events of this week.

THE RAINS

In my last review I mentioned the fact that 231,000 pines have been planted this season. Seldom has rain been greeted with such satisfaction as that of the first few days of this week by our Forestry Department. The rain should save

many a young tree that might have succumbed as the result of an early dry period after being planted.

BUILDING PLOTS AT LA COLLINE

I refer once more to the fact that Council is arranging for the early sale by public auction of the building plots into which the open land fronting on to Dan Pienaar Street on the rise to the south of La Colline has been subdivided. An upset price of R700 per plot has been decided upon by the Council.

MAYORAL INSIGNIA

On the suggestion of Clr. A. B. de Villiers that steps be taken to provide the customary mayoral insignia for Stellenbosch, the Council has appointed a special Committee with Clrs. A. B. de Villiers, C. M. Booysen, Prof. E. Theron, Prof. J. C. de Wet and myself as Chairman, with the request to investigate and report.

BIRD STREET

Some years ago Bird Street was proclaimed a prospective main road by the Provincial Administration. The implications of this step were that the provisions of the Divisional Council Ordinance in regard to Main Roads applied to Bird Street. The required road reserve width is 80 ft. and a building line of 55 ft. from the centre line of the road must be observed unless special dispensation is obtained.

In the case of Bird Street many existing buildings encroach on the 80 ft. road reserve to say nothing of the building line.

The Council has now resolved to clarify the position by establishing a centre line by survey and then to take the matter up with the Province in order to find a practical and reasonable solution in order to obviate endless correspondence and inconvenience to owners of property along Bird Street. These owners are advised to consult the Council before proceeding with the preparation of plans for new buildings or alterations to existing buildings.

UNAUTHORISED STRUCTURES

It appears necessary once more to warn the public that no buildings even of the bungalow type should be erected without prior approval of the Council.

IN MEMORIAM

So soon after the passing away of Mr. A. J. M. Knott the Council has learnt of the death of Mrs. E. M. Schenck, who was the first matron of the Stellenbosch Sanatorium. Mr. Knott was on the point of retiring whereas Mrs. Schenck has been on pension for a number of years. To both Mr. Knott and Mrs. Schenck Stellenbosch owes much and on behalf of the Council I pay tribute to them and extend my sympathy to those who are left behind, their families and friends.

LEADING WATER

As in previous years, Council has again decided to make the irrigation water available as from 1st October. The usual time table will apply and the water bailiff will supervise the distribution. Property owners are kindly requested to co-operate and adhere to the time table.

---

5 Oktober 1962.

NUUS VAN DIE BURGEMEESTER

'n Kaartjie van die Burgemeester deel ons mee dat hy veilig in Wes-Duitsland aangekom het. Op pad daarheen het die vliegtuig onklaar geraak en is mnr. Liebenberg op Kano vir 24 uur vertraag. Tans woon hy 'n boeke-uitstalling in Frankfurt by, waarna hy en mev. Liebenberg na hul dogter in Engeland vertrek.

GROEPSGEBIEDE

In die Burgemeester se rubriek van 21 Augustus word gemeld dat die groepsgebiede afgekondig is en dat verdere besprekings met die Groepsgebiederaad sou plaasvind.

Op 'n spesiale vergadering van die Raad wat op Dinsdag, 2 Oktober, gehou is, is besluit om die versoek aan die Groepsgebiederaad te rig dat senior beamptes 'n besoek aan Stellenbosch aflê. Die Raad het besluit dat die owerheid gevra moet word om die gebied ten noorde van Kaya Mandi te ondersoek as 'n moontlike alternatief vir die Cloetesdal-gebied wat tans afgekondig is.

Die Raad het verdere punte vir bespreking aanvaar, t.w. 'n voorstel dat die Kleurlinggebied by Idasvallei so vergroot word dat dit die Garlick-eiendom ook sal insluit ooreenkomstig die oorspronklike voorstel wat aan die Groepsgebiederaad voorgelê is, wat destyds ook die plase Helderfontein en Niet-

voorbij as deel van die voorgestelde gebied vir Kleurlinge getoon het. Die verkoping van die twee plase aan die Regering het die hele voorstel baie verander en die Raad wil ook bespreek of dit moontlik sal wees om selfs op hierdie stadium nog 'n verbindingstrook tussen Idasvallei en die Du Toitville-gebied te bewerkstellig.

By die besprekings in die Raad op 2 Oktober is ook melding gemaak van moontlikhede vir 'n groepsgebied vir Kleurlinge ten weste van die hoofpad waar dit by Jamestown verby gaan.

VERSKAFFING VAN WONINGS DEUR WERKGEWERS VIR HUL KLEURLING-ARBEIDERS

Die Raad het in beginsel aanvaar dat blanke werkgewers erwe in Idasvallei kan aankoop om, onderhewig aan die verkryging van die nodige permitte, hul Kleurlingwerknemers daar te huisves.

REINIGINGSWERKE

Die nuwe reinigingswerke word geleidelik aangeskakel by die bestaande en ek is bly om te kan sê dat volgens die verslag van die Raadgewende Skeikundige van die Raad, die gereinigde water in die laaste een van die damme waardeur die behandelde afvloeisel geplaas word voordat dit vir besproeiingsdoeleindes gebruik word, bakteriologies skoner is as die water in die Eersterivier, nieteenstaande die feit dat ten tye van die vergelyking die Eersterivier sterk geloop het.

Die Raad het onlangs 'n aanbod van die Departement van Natuurbewaring (Afdeling Binnelandse Visserye) aanvaar dat drie soorte vis (genus Tilapia) in die dam gesit word. Hierdie vissoorte is onlangs uit Israel ingevoer. Die Departement voorsien die visse gratis en sal toegang gegee word na die dam om wetenskaplike navorsingswerk te doen. Daar is geen beswaar van die kant van die Raad se raadgewende ingenieurs en die skeikundige nie.

HUISVULLIS

Soos bekend is, word huisvullis tans in dromme gesit wat deur munisipale arbeiders in die munisipale vragmotors wat deur die Gesondheidsdepartement gebruik word, leeggemaak word. Die Raad is met die voorstel genader om 'n nuwe stelsel in te voer waarvolgens die vullis deur die betrokke eienaar of bewoner in 'n groot sterk papiersak (wat deur die Raad verskaf word), gesit word. Die hele sak met

sy inhoud word dan na die reinigingswerke en die plek waar kompos gemaak word, gebring. So 'n stelsel sou die werksmense van 'n baie onaangename werk in die hantering van vullis onthef. Hierdie soort werk is nie aangenaam nie en die voorstel sou meebring dat vermy word dat die dromme onhigiënies raak. Die voorstel beteken 'n drastiese afwyking van die bestaande prosedure en die Raad het besluit om eers alle aspekte van die saak, veral die koste daarvan, te ondersoek voordat dit verder oorweeg word.

12th October, 1962.

PREPARATIONS FOR 1963

At this time each year the estimates of revenue and expenditure for the following year have to be prepared. To a great part of the expenditure the Council is irrevocably committed and it is invariably a difficult problem to decide to what purpose the balance of the revenue should be devoted. Many a good proposal has to be abandoned or left to stand over for later years in order not to place too heavy a burden on the ratepayers.

This means a busy time for the Chairman of Finance and the Treasurer, and the draft estimates will probably be submitted to the Council towards the end of October.

Another work of considerable dimension is the preparations for the next general valuation for the municipality which is now due. In order to save costs the municipality must prepare data which include outline drawings of all buildings on cards specially printed for the purpose and which serve as the basis for the actual valuation by the Provincial Valuers.

The Treasurer's department is also preparing for the introduction of the P.A.Y.E. system and the mechanisation of this new section of the work.

UNION PARK

I am glad to be able to say that after a period of disappointing delays agreement now appears to have been reached with the Province as to the final lay-out. Application for approval of the scheme has been made and every effort

is being made to expedite compliance with all the requirements of the law and thereby the sale of the erven.

THE ARCHAEOLOGICAL RESERVE

The Archaeological Reserve just beyond Adam Tas Bridge and below the Cemetery of the Anglican Church has been proclaimed a National Monument in the Government Gazette (Proclamation 1517 of 21.9.1962).

The Council is proceeding to display the plaque and the badge supplied by the National Monuments Commission on heavy boulders which will be piled up at a spot indicated by the late Professor van Riet Lowe and the late Dr. Nobbs.

The text on the plaque reads:

"Stellenbosch Archaeological Reserve
In a road-makers borrow-pit here in 1899 Louis Perinquey made the first discovery of 'Stellenbosch' stone implements and thereby proved the great antiquity of man in South Africa."

---

19 Oktober 1962.

DIE EIKESTADNUUS WEN DIE CRONWRIGHT-TROFEE

Dit doen my genoeë om die redaksie en personeel van die Eikestadnuus hartlik geluk te wens met die sukses wat hulle nou vir die tweede keer behaal het. Die prys word toegeken op grond van die algemene voorkoms van die koerant, die gehalte van die drukwerk, die reproduksie van foto's, tipografie, hoofartikels, e.s.m.

OOM PIETIE LE ROUX

Mnr. Le Roux, alombekend en alombemind as Oom Pietie, het hierdie week sy 80ste verjaarsdag gevier. Hy is tans woonagtig op Bellville en ek wens hom uit naam van die samelewing van Stellenbosch van harte geluk. Mag hy nog baie jare gespaar bly en goeie gesondheid geniet. Ek verseker hom van die agting en liefde van die mense van Stellenbosch aan wie hy veral as hoof van die Boereorkes so baie genot verskaf het.

DIE STEINKOPF SEKONDÊRE SKOOL VIR KLEURLINGE

Op Maandag, 8 Oktober 1962 het ek die geleentheid gehad om 'n aantal leerlinge en onderwysers van hierdie skool te ontmoet en te onthaal by geleentheid van 'n besoek wat

hulle aan Stellenbosch afgelê het. Dit was 'n buitengewone ondervinding en die ondernemingsgees van die skoolhoof, mnr. Fransman, wat blykbaar 'n toer vir die meer gevorderde leerlinge gereël het, moet veral geloof word. Die leerlinge het op ons almal 'n baie goeie indruk gemaak en veral opvallend was hulle netjiese kleredrag. Dit moes 'n groot ondervinding gewees het vir kinders uit 'n afgeleë deel van ons land om onder andere die D. F. Malan-lughawe, die K.W.V., Kirstenbosch, ens., te kon besoek. Die Union Castle Redery het hulle ook op een van hulle skepe onthaal. Graag meld ek ook dat raadslede Stoffel Smit en Murray Booysen elkeen 'n boekprys aangebied het aan die twee leerlinge wat die beste opstelle oor hulle besoek aan Stellenbosch skryf.

RIOOLSUIWERINGSWERKE

Met genoeë kan ek meld dat die uitbreidingswerk nou voltooiing nader en dat die proses van oorskakeling sonder aansienlike ontwrigting verloop het, afgesien van die feit dat die hoë standaarde van suiwering vir 'n paar weke prysgegee moes word. Dis nie doenlik om die hele tegniek hier te verduidelik nie, maar 'n tydelike onderbreking van die normale prosesse was onvermydelik. As gevolg hiervan was 'n sekere mate van onaangename reuke onvermydelik, maar dit was 'n verbygaande verskynsel oor 'n tydperk van ongeveer 10 dae. Aan die persone wat as gevolg hiervan ongerief verduur het, bied ek die Raad se verskoning aan. Ons is tevrede dat die rioolwerke geen steurnis of oorlas vir die publiek skep nie, al is dit so na aan die dorp geleë. Selfs gedurende die vermelde oorskakelingsproses was die mate van besoedeling in die afloop nog minder as dié in die water van die rivier, sodat ons stellig kan verwag dat daar in die toekoms 'n baie hoë standaard suiwering behaal sal word. Telkens is daar klagtes dat die rioolwerke lugbesoedeling veroorsaak, maar ek is daarvan oortuig dat dit nie die geval is nie. Die probleem is dat die wynmakerye se stookwyn-afloop in dieselfde omgewing behandel word, en in hierdie geval is daar bepaald rede vir klagte. Die Raad is baie bewus van laasgenoemde hindernis en het reeds opdrag gegee dat die moontlikheid van 'n permanente oplossing ondersoek moet word.

W. C. DEMPSEY.
Waarnemende Burgemeester.

PRO EC. 10/62—3727